

LEES ASSEBLIEF HIERDIE BELEID BAIE NOUKEURIG, TEKEN DIE DOCUMENT EN BESORG DIT VIA U KIND AAN DIE REGISTERONDERWYSER TERUG. DIT IS BAIE BELANGRIK DAT BEIDE U, AS OUER, EN U KIND, DIE DOKUMENT TEKEN.

AANVAARBARE GEBRUIKERSBELEID

APOLLO MEDIA NAVORSINGSENTRUM SOWEL AS COML-SENTRUM HOËRSKOO LADYSMITH

NUUTSTE WEERGAWE: 19 FEBRUARIE 2014

Die gebruik van ons rekenaars en/of netwerk is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Om die rekenaars en/of netwerk te mag gebruik, sal beteken dat daar van u verwag word om hierdie AGB (Aanvaarbare Gebruikersbeleid), te onderteken. Daar moet streng gehou word by die reëls soos in hierdie dokument uiteengesit. Die skool het aansienlike bronne wat tyd, kundigheid sowel as finansiële onkoste insluit, in die ICDL en Navorsingsentrums belê. Dit beteken dat u verantwoordelik gehou sal word vir u optrede wanneer u die riglyne in hierdie dokument oortree. Die volgende reëls is van toepassing met betrekking tot enige en alle rekenaartoerusting binne die skool, of wat aan die skool behoort.

1. Die internet is veronderstel om as opvoedkundige instrument gebruik te word. Die gebruik daarvan vir enige ander doel behalwe die doen van navorsing of take wat deur 'n onderwyser gestel word, sal as onaanvaarbaar beskou word. Misbruik van die internet op enige wyse sal tot gevolg hê dat die internetvoorregte van die leerder teruggetrek sal word vir 'n tydperk soos deur die departementshoof bepaal.
2. Toegang tot persoonlike e-posrekeninge of enige sosiale netwerkwebwerwe, insluitend, maar nie beperk tot, Facebook, Twitter, MySpace, FourSquare, ens. word nie toegelaat nie. Toegang tot hierdie bronne mag slegs toegestaan word in spesiale omstandighede en in die teenwoordigheid van 'n onderwyser.
3. Geen gebruiker mag enige materiaal versprei of besigtig wat die huidige wette van Suid-Afrika, of die reëls van Hoërskool Ladysmith, oortree nie. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, pornografie, dreigende boodskappe, roofvideos of –klankmateriaal, afstootlike of aanstootlike materiaal of vertroulike inligting.
4. U mag onder **GEEN** omstandighede probeer om die sekuriteitsmaatreëls wat op die netwerk en/of die rekenaars wat aan die skool behoort, probeer omseil nie. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, die opening van, of blaai in, die werk van 'n medeleerder, sowel as leërs wat die werk van onderwysers bevat nie. Dit is 'n onwettige optrede volgens ons nasionale wette en sal hanteer word deur die gepasde regstappe te neem.
5. Moet nooit jou wagwoord aan 'n medeleerder bekendmaak nie. Indien iemand jou wagwoord gebruik om in te skakel by jou rekening – al is dit met jou toestemming – sal reël nr. 4 van toepassing wees.
6. Jy sal verantwoordelik gehou word vir enige toerusting wat jy beskadig of steel. Indien jy van vandalisme of diefstal beskuldig word, sal jy aan dissiplinêre aksie onderwerp word.
7. **GEEN** etery of drinkery van enige aard sal onder enige omstandighede in die ICDL of Navorsingsentrums toegelaat word nie.
8. Die Hoërskool Ladysmith behou die reg voor om toegang te verkry tot die inhoud van jou rekenaar en/of persoonlike leërs saamgevat in/op die netwerk/rekenaars binne die skool en dit te besigtig. Indien daar gevind word dat die inhoud enige van die reëls soos in hierdie dokument uiteengesit is, weerspreek, sal daar teenoor jou opgetree word.
9. Die Hoërskool Ladysmith behou die reg voor om die installering van enige sagteware wat nie deur die skool goedgekeur is nie, te verbied.

10. Sagteware gelisensieer deur, of wat behoort aan, die skool, mag onder geen omstandighede op die private rekenaars van leerders geïnstalleer word nie. Hierdie reël sal afgedwing word deur die gebruik van die kopiereg/lisensierings ooreenkoms van genoemde sagteware.

Die gebruik van enige rekenaarfasiliteit is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Indien daar dus bepaal word dat jy enige van die bogenoemde punte of reëls oortree of nie nakom nie, sal hierdie voorreg gekanselleer word.

LEERDER:

Ek verstaan en sal hou by die reëls en punte soos dit in hierdie dokument uiteengesit is met betrekking tot myself en Hoërskool Ladysmith. Ek verstaan verder ook die gevolge vir die oortreding van enige van bogenoemde voorwaardes en dat sogenaamde oortreding van die bogenoemde AGB tot enige van die volgende sal lei:

- Kanselling van my voorregte om die rekenaarfasiliteite by Hoërskool Ladysmith te gebruik.
- Dissiplinêre optrede sal teen my plaasvind volgens die skoolreëls.
- Regstappe in die geval van uitsonderlike gevalle soos in die AGB uiteengesit.

.....
LEERDER NAAM (Drukskrif asb)

.....
DATUM

.....
LEERDER SE HANDTEKENING

As die ouer of wettige voog van die leerder wat hierdie dokument onderteken het, verstaan ek in die geheel wat die terme en voorwaardes soos in die dokument uiteengesit is, behels. Ek verstaan dat leerders altyd binne hierdie terme en voorwaardes moet bly en dat hulle vervolgt kan word indien dit oortree word. Ek gee hiermee toestemming dat my kind die skool se netwerk/rekenaars mag gebruik of by inskakel.

.....
NAAM (Drukskrif)

.....
DATUM

.....
HANDTEKENING (Ouer of voog)